

Ons leef in vervulde en versekerde liefde vir altyd.

ds. PJ Kriel

23.08.2020

Inhoud Preek Filippense 3 vers 13. Voorspoed sukses krag. Hierdie preek wys die verskil tussen die krag wat die Here ons gee om die lewe in Christus deur alle voor en teenspoed te kan leef teenoor die goddelike kragte wat mense in hul bygeloof wil hê om in alles altyd suksesvol en net voorspoedig te wil wees.

Skriflesing 1: 4 – 6, 20 – 22; 2:13, 3: 3 – 14; 4: 10 – 13, 18 – 20.

Teks 4: 13, 1:21 “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.” “Want vir my om te leef is Christus, en om te sterf, wins.”

Tema Ons leef in vervulde en versekerde liefde vir altyd.

Ons leef in gister se vervulde liefde en more se versekerde liefde vir altyd!

1. Paulus se brief aan die Filippense staan tussen twee kort geloofsbelydenisse wat elke Christen se lewe beskryf: ““Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.” en “Want vir my om te leef is Christus, en om te sterf, wins.”

Christus gee ons die krag om tot alles in staat te wees!

Ons moet eers hoor waartoe Paulus nie in staat is nie om hierdie geloofsbelydenis se inhoud te peil. Hy sit terwyl hy hierdie brief skryf in die tronk verhoorafwagend in Rome. Hy kan nie die feit verander dat hy sonder enige kriminele oortreding in die tronk in Rome sit, net omdat hy die evangelie verkondig het nie. (1: 12 -14) Hy kan nie die werklikheid dat hy dalk ter dood veroordeel gaan word vir niks anders as dat hy net die evangelie verkondig het nie, verander nie. Hy is dwarsdeur die brief besig om dit te aanvaar. (1: 20 – 23; 2:17) Daarom verklaar hy dat as hy só moet sterwe dit vir hom 'n wins sal wees, en dat hy sal aanvaar dat hy deur God so as 'n drankoffer uitgegiet sal word. Hy self ly gebrek in die tronk en kan self niks daaraan doen nie, behalwe om vergenoegd te wees met wat hy in sy gebrek nog het. ((4: 11, 12) Hy kan ook niks doen dat terwyl hy in die tronk sit, predikers met bymotiewe die evangelie bedien, (1: 15) dat predikers hulle eie belange soek en nie die belang van Christus en sy gemeentes nie. (2: 21)

Wanneer Paulus verklaar dat Christus hom die krag gee om tot alles in staat te wees, dan beteken dit nie dat hy alles kan doen wat hy wil nie, want juis in hierdie brief waarin hy hierdie geloofsverklaring maak, erken hy al hierdie dinge waartoe hy nie in staat is nie.

2. Daarom beteken hierdie geloofsverklaring in die eerste plek dat hy tot alles in staat is om in die tronk te leef, soos God dit beskik het, en in die tweede plek dat hy

Ons leef in vervulde en versekerde liefde vir altyd.

die krag het om die hofuitspraak te aanvaar, of dit nou beteken dat hy regverdig vrygelaat sal word of onregverdig doodgemaak sal word, soos God sal beskik volgens sy wil.

Dat sy geloofsuitspraak spesifiek gaan oor om in die tronk en met die hofuitspraak tot alles in staat te wees, verduidelik Paulus self in die woorde: “want ek het geleer om in alle omstandighede tevrede te wees. Ek weet wat dit is om gebrek te ly en ek weet wat dit is om oorvloed te hê; ek is in elke opsig ingewy in al hierdie dinge: om versadig te wees, sowel as om honger te ly; om oorvloed te hê, sowel as om gebrek te ly.” (4: 12, 13)

Daarom beteken sy geloofsuitspraak om tot alles in staat te wees dat hy in staat is om honger te ly en om kos in oorvloed te hê, dat hy in staat is om gebrek te ly en om meer te hê as wat hy nodig het.

Ons moet dit ook saamlees met Paulus se verduideliking in 2 Kor. 12: 7 – 10 waar Paulus vertel dat hy vir die Here gevra het om 'n doring uit sy vlees te verwyder, wat God nooit gedoen het nie. Hierdie doring in sy vlees kon enige fisiese of psigiese siekte soos om swaksiende te wees, waarvoor hy altyd 'n skrywer vir sy briewe moes gebruik, en wanneer hy self sy handtekening gee opmerk hoe groot die letters is, of ook iets soos epileptiese of angs aanvalle waarvan Galasiërs 4: 14 'n aanduiding gee.

God het nie Paulus se gebed om genees te word ooit verhoor nie, en daarom verklaar Paulus dat God se antwoord op sy gebed was: “My genade is vir jou genoeg, want my krag word, is swakheid volbring”, wat beteken dat al die magtige werke wat God vir die kerk deur Paulus bewerk het, het God deur 'n mens met kroniese siekte gedoen. (2 Kor. 12: 8 – 10)

Daarom beteken die geloofsverklaring ook dat Paulus tot alles in staat is of hy nou gesond is of siek is soos om epileptiese of angsaanvalle te kry.

3. Paulus maak hierdie geloofsverklaring juis om te wys dat hy tot alles in staat is in Christus binne voorspoed én teenspoed, net soos God dit beskik.

Hy is tot alles in staat om met epileptiese en angsaanvalle, en met gesondheid.

Hy is tot alles in staat in die tronk en buite die tronk.

Hy is tot alles in staat met gebrek aan lewensmiddele en oorvloed aan lewensmiddele.

Hy is tot alles in staat of hy leef en of hy sterf.

Hierdie geloofsverklaring, om deur Christus tot alles in staat te wees, kan daarom nooit dat jy in staat is om God se voorsienigheid vir jou te kan verander volgens jou lewensideale, jou lewensverwagtings, jou lewensdrome en jou planne vir die lewe

Ons leef in vervulde en versekerde liefde vir altyd.

nie. Dit is hoe baie geestelikes dit vandag preek! Jy is in staat om gesond te word van al die siektes en liggaamgebreke wat jou pla, as jy net in Christus glo! Jy sal suksesvol in jou ondernemings en besighede wees, as jy net in Christus glo! Jy sal altyd alles in oorvloed hê as jy net in Christus glo! Jy sal altyd gelukkig wees, in vrede leef, bemindwees en vooruit gaan, as jy net in Christus glo!

Volgens Paulus se geloofsverklaring beteken dit dan juis dat jy nie tot alles in staat is nie, want as jy siek is, gebrek ly, verlies beleef, onsuksesvol is in jou planne en gesigheid, ongelukkig met jou lewensomstandighede en die mense in jou lewe is, honger en verlate is van mense, dan is jy nie meer in staat om aan te gaan om jouself te wees en te doen wat jy moet nie.

Dit is die diepte van die leuen dat jy altyd in staat sal wees om God se voorsienigheid van gebrek, siekte, dood, verlies, mislukking en ongelukkigheid sal kan verander in jou lewe, deur geloof in Christus! Want as God nie sy voorsienige wil vir jou verander om by jou lewensverwagtings, wense, ideale, drome en versugtinge aan te pas nie, maar te moet aanvaar, dan is jy sommer skielik tot niks meer in staat nie.

Dit is hoe mense in hierdie bygeloof in enige vorm van verlies, gebrek, mislukking en dood reageer – “nou is ek tot niks meer in staat nie!” En dit is presies die teenoorgestelde van Paulus se geloofsverklaring: “In voor en teenspoed in alle vorme is ek tot alles in staat.”

4. Deur watter krag?

Hierdie teksvers word deur alle afgodsdienste in die Christelike kerke gebruik as 'n verklaring dat God jou goddelike kragte sal gee om jou menslike verwagtings, ideale en versugtinge te kan bereik.

Wat is die krag wat Christus ons gee waardeur ons tot alles in staat is?

Paulus beskryf hierdie krag van Christus waardeur ons tot alles in staat is in Filippense 3: 10 só: “en sodat ek Christus kan ken, die krag van sy opstanding en die gemeenskap met sy lyding, deur aan sy dood gelykvormig te word, dat ek so die opstanding uit die dood kan bereik.”

Die krag waardeur ons tot alles in staat is, is die evangelie! Daarom stel Paulus in hoofstuk 1 vers 5 dat hy bly is oor die Filippense se “deelname aan die evangelie van die eerste dag af tot nou toe” wat hy in vers 7 uitbrei as om almal saam in die genade te deel.

Die krag wat ons tot alles in staat stel, is die menslike kennis dat Jesus en hoe Jesus die Christus, die Messias is! Dit som Paulus op in vier dele. Dit is krag van die

Ons leef in vervulde en versekerde liefde vir altyd.

menslike kennis van die krag van die Here se opstanding uit die dood, van ons gemeenskap met sy lyding, ons gelykvormigheid aan sy dood en dat ons met Christus self ook as mense van vleis en bloed uit die dood sal opstaan, net soos Hy. Die menslike kennis dat Jesus só die Christus is, is die krag wat ons tot alles in staat stel! Daarom verklaar Paulus in 3: 8: “Inderdaad beskou ek alles as verlies ter wille van die uitnemendheid daarvan om Christus Jesus, my Here te ken. Ter wille van Hom het alles waardeloos geword en beskou ek dit as vullis sodat ek Christus as bate kan bekom.”

5. Hoe kan dit die krag wees wat ons tot alles in staat stel?

Want wie Christus só ken, is deur God geregverdig!

God maak my, met al my foute, moedswillighede en gebreke volkome reg vir sy liefde, en God laat my liefde vir Hom, met al my sondes en oortredings volkome reg wees! Reg vir God se liefde en liefde war vir God reg is!

Dit is die krag van Christus se opstanding uit die dood! Hy maak ons gelykvormig aan sy dood en sluit ons in die gemeenskap van sy lyding in. Dit is die evangelie soos u dit in hierdie gemeente ken! Hy sluit my in die skuld, die oordeel, die vervloeking en verwerping wat Hy as sondaarmens in my plek vir my was, sodat ek saam met Hom kan leef in die onskuld, heiligheid, onberispelikheid en smetloosheid waarby Hy my insluit.

Meer nog! Hy sluit ons in sy opstanding as mens uit dood in op so wyse in dat ek ook met Hom dit sal deel: ek sal uit die dood as mens opgewek word om ewig in God se liefde te leef.

Só is ons deur God geregverdig vir sy ewige liefde!

Daardeur skep God in ons hierdie nuwe lewenswys soos Paulus dit in 2: 13 aankondig: “Dit is immers God wat in julle werkzaam is, sodat julle gewillig is en optree soos Hy goetvind.” Hierdie is ’n besondere sin wat ons reg moet hoor! Die 1953 vertaling het dit vertaal as “om te wil en te werk na sy welbehag”. Ons mag hierdie sin nie op ’n wettiese wyse só verstaan dat God dit bewerk dat ons alles reg wil en doen volgens sy wil nie. Hierdie sin gaan oor die evangelie. God bewerk dit só deur Jesus wat ons reg maak en reg laat wees vir Hom, dat wat ons wil en doen vir God – het God ’n behag in, met alles wat daarin gebroke en nog nie reg is nie.

Dit is ons krag wat ons tot alles in staat stel! Die wete dat my wil en optrede volgens God se wil bewerk Hy so dat Hy daarin ’n behag het. Ek en my wil en daad is vir God goet!

Ons leef in vervulde en versekerde liefde vir altyd.

6. Paulus het aan die begin van sy brief hierdie magsdaad waarmee God ons vir sy liefde reg maak só beskryf dat hy oortuig is dat God die goeie werk wat Hy onder die Filippense begin het sal voltooi op die dag van Christus.

Dit beteken dat God hierdie werk in ons begin m ons vir sy liefde reg te maak, reg te hou en dat Hy hierdie werk in ons sal voltooi met ons opstanding uit die dood. God gaan nooit weer ophou om hierdie werk met en in ons te doen nie. Hy sal ons altyd en deur alles, altyd vir sy liefde en in sy liefde vir hom as God reg laat wees.

Dit is die krag wat ons tot alles in staat stel! God wat die goeie werk in ons begin het om ons vir sy liefde reg te laat wees, waarmee Hy tot in ewigheid nooit weer sal ophou nie!

Wat is die alles waartoe God ons in staat stel?

Die “alles” is alles van die nuwe lewenswyse in ons geloof in God se liefde: “Want vir my om te leef is Christus, en om te sterf, wins.” Dit is ’n gelowige se “alles.” Ons hele lewe en alles in ons lewe, is om in Christus te leef. Ingesluit in wie Hy ons laat wees: onskuldig, strafloos, heilig en reg vir God se liefde!

Dit is alles waarvoor ons leef!

Maar dit is ook waarvoor ons sterf! Dit is wat teenstrydig is met al die ander dinge waarvoor mense leef. Die dood beëindig alle ander dinge waarvoor mense leef: geluk, voorspoed, prestasies, verhoudings, invloed en mag! Dit maak dat alles waarvoor ’n mens leef dan eintlik deur die dood ’n verlies is. Dit is die verkliklike mag van die dood! Jy verloor alles waarvoor jy geleef het!

Nou kom Paulus en wys dat hierdie werk wat God in ons begin het, om ons reg te maak vir sy liefde en ons liefde vir Hom reg te laat wees, ons nie deur die dood kan verloor nie. Die dood maak dat ek juis met hom in sy liefde is. Daarom is die dood vir hierdie lewe met die Here, ’n wins nie ’n verlies nie.

Alles waarvoor ons leef, om in Christus te leef, maak die dood net nog ’n groter wins!

7. As dit is wat God met en vir ons doen, dan is ons deur alle voor en teenspoed tot alles in staat!

Ons is altyd in staat om in God se liefde en met liefde vir God te leef!

Honger kan hierdie lewens wyse nie verander nie. Inteendeel, dit is juis hierdie liefde wat my deur my honger, verliese en gebrek dra. Hierdie swaarkry kan niks verander daaraan dat ek in God se liefde leef en hom mag liefhê nie! Voorspoed kan dit ook nie verander nie! Want voorspoed kan nooit maak dat ek nie meer vir Christus gaan

Ons leef in vervulde en versekerde liefde vir altyd.

leef nie! Voorspoed maak nie dat ek nou vir geld, mag en aansien leef nie. In en deur my voorspoed is ek nog steeds tot alles in staat om in God se liefde te leef.

Want Hy bewerk dit vir met en in my. Hy begin dit in my en Hy sal dit voltooi in my! Hierdeur skep God 'n besondere lewensgerigtheid in ons as gelowiges! Paulus stel dit só: "Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voorlê. ek jaag die doel na, om die prys van God se hemelse roeping in Christus te bekom!"

God se regverdigmaking van ons en ons liefde vir God, maak dat ons altyd vooruit leef! Vooruitgang beteken ons is klaar met gister, Gister is voltooi en nou is ek met die toekoms besig! Ons is altyd in alles met die toekoms besig! Want ons toekoms, van vandag tot in die ewigheid is altyd die liefde van en liefde vir God. En gister en eergister was in die liefde van God!

Daar is niks in die verlede of toekoms wat verkeerd gaan wees tussen my en God nie! Daarom is ons altyd tot alles in staat! Ons leef in gister se vervulde liefde en more se versekerde liefde, vir altyd.

Dit is wat Christus deur sy krag as God en Here vir ons bewerk – altyd! Gister is voltooide liefde en more is versekerde liefde vir altyd!

8. Deur hierdie kragtige daad as God – ingesluit in liefde wat só is – maak Christus ons mense wat in voorspoed en teenspoed tot alles in staat is om die lewe te leef waar Christus ons alles is.

Want,

- of ons planne uitwerk of nie,
- of ons ons ideale bereik of nie,
- of ons drome vervul word of nie,
- of ons gesond of siek is,
- of ons onbeduidende, onaansienlike mense of invloedryke mense van aansien is.
- of ons gaan leef of sterf,

daar is niks agter ons wat ons vir God moet gaan reg maak nie of voor ons waaroor ons oor god moet onseker wees nie. God laat gister se liefde vir my en ook my liefde vir Hom voltooide liefde wees. God laat sy liefde en my liefde vir Hom more versekerde liefde wees.

9. Ons mag nooit deel van die afgodsdienste in die Christelike kerke word wat hulle op hierdie teksvers beroep om soos volg te glo nie: Ek is tot alle voorspoed en geluk in staat deur Jesus wat vir my die goddelike krag sal gee om van al my ideale, drome, wense, versugtinge en wense 'n sukses te maak!

Ons leef in vervulde en versekerde liefde vir altyd.

Hierdie bygeloof in God binne die kerk, dra in homself 'n dodelike virus! Hierdie virus dat Jesus sal jou in staat stel om met goddelike kragte en magte van alles wat jy wil 'n sukses te maak, op so 'n wyse: Jy moet reg leef, reg bekeer, reg bid, reg liefhê, reg oorgawes maak, reg vervul word, reg leef en daardeur sal Jesus jou goddelike krag en mag gee om suksesvol in jou drome en wense te wees. En dit is juis wat jy nie kan doen nie, waarvoor die Here juis Christus gegee het, om jou reg te maak en reg te laat wees vir sy liefde, omdat jy nie kan nie.

Hierdie bygeloof maak jou 'n gevangene van jou ene ander mense se verlede. Want jy moet altyd iets wat jy gister of eergister of verlede jaar of in die vorige eeu verkeerd gedoen het vandag regmaak sodat jy die goddelike lewe, krag en mak kan kry om van alles 'n sukses te maak!

Dit is mos presies hoe dit in verhoudings tussen geliefdes, ouers en kinders, in die gemeenskap en politiek vandag werk en gepreek word! As jy besig is om vandat gister se foute reg te maak, sal God jou vandag seën. Altyd besig met die onvervulde liefde van gister om van vandag 'n sukses te moet maak! Só leef ons geestelik die leuen van afgodsdienaars! Want hoe kan jy gister se onvervulde liefdes reg maak met iets vandag, as jy nie eers vandag alles kan reg doen nie! Die geesteswaan maak jou net 'n gevangene wat altyd met 'n onvervulde verlede moet besig wees met liefdes en vergoedings wat jy vandag nie eers reg kan doen nie!

10. Hierdie bygeloof dat Jesus jou die goddelike lewe, krag en mag gee om sukses in alles te wees, vervreem jou ook van 'n versekerde toekoms!

Want hierdie bygeloof word weer só gepreek en geleer dat jy more se sukses met vandag se regte daade vir God en lewe met God moet verseker!

Dit is mos juis net hoekom jy jouself van more se versekerde liefde van God vervreem want jy kan nie vandag God volkome liefhê en gehoorsaam op so wyse dat jy dat more se seëninge waarborg nie. En die bygeloof dat jy deur vandag se liefde goddelike kragte en magte kry om van more 'n sukses te maak, is afgodsdien. God deel nie sy goddelike lewe, kragte en magte met mense wie Hom liefhet nie!

Hierdie bygeloof vervreem jou van die vaste sekerheid dat dit God is wat in ou hierdie werk begin het om jou te laat deel in sy liefde en jou gebroke liefdes vir Hom te heilig, en dat hy met hierdie werk sal volhou tot en met jou wederopstanding uit die dood sodat jy vir ewig as mens in hierdie liefde kan leef. More en oormore se liefde is verseker deur God wat nooit sal ophou met hierdie werk wat Hy in ons begin het nie, nie deur alles wat ek reg doen nie.

Ons leef in vervulde en versekerde liefde vir altyd.

Die werklike ironie van hierdie bygeloof dat Jesus jou die krag sal gee om van alles 'n sukses te maak, is dat juis hierdie bygeloof jou vervreem om in alles in staat te wees om vir Christus te leef.

Want enige verlies, swaarkry, terugslag, teenspoed, siekte en dood wys dat jy misluk omdat jy iets vir God nie reg gedoen het nie of omdat daar in jou liefde vir God of god se liefde vir jou iets ontbreek! Daarom is jy in hierdie bygeloof nooit tot alles in staat nie.

Dit, terwyl Paulus juis hierdie geloofsverklaring maak dat God nooit met die goeie werk wat Hy in ons begin het om ons in God se volle liefde te laat deel en ons liefde vir God met al ons gebreke volkome te laat wees, ooit sal ophou nie. In alle teenspoed is ons in staat om hierdie lewe te leef: vir ons is Christus alles en ons sterwe wins!

11. Hierdie bygelof vervreem ons ook van ons menslikeheid op so 'n wyse dat jy altyd met goddelike krag van Jesus kamstig bo jy eie menslikheid moet uitstyg en jou menslikheid moet oorwin om altyd suksesvol te wees!

Paulus is deur die krag van Christus se regverdigmaking tot alles in staat om vir Christus te leef en te sterf, selfs met sy eie beperkthede en juis in sy swakhede! Juis in sy siekte volgens 2 Korintiërs 12:8 – 10 het God sy krag openbaar. Dit beteken dat die Here vir Paulus met sy epileptiese of angsaanvalle gebruik het om die evangelie te preek terwyl die Here self as God die gemeentes vergader en regeer het. Dit was nie 'n gesonde Paulus wat met sy oortuigingskrag die gemeentes vergader en regeer het nie. Hy was juis deur gemeentelike beskuldig dat sy voordragte nie kragdadig is nie. (2 Kor. 10:1, 10)

Net so! Paulus in sy menslikheid maak twee foute in sy brief aan die Filippense. In sy neerslagtigheid in die tronk stel hy aan die gemeente in 2: 19 – 22: “Want ek het niemand anders met dieselfde gesindheid as myne wat hom opreg oor julle omstandighede bekommer nie. Almal soek net hulle eie belang, nie dié van Christus nie. Julle weet hoe betroubaar Timoteus is, hoe hy soos 'n kind teenoor 'n vader, saam met my die evangelie bedien het.”

Teenoor al die ander evangeliebedienaars wat al die jare saam met Paulus gewerk het stel hy dat hulle net hulle eie belang soek, nie die belang van Christus, soos net Timoteus dit sou doen nie. Hierdie opvatting van Paulus oor mense soos Lukas en ander evangeliebedienaars is verkeerd. Lukas het vir ons die Lukas evangelie en Handelingboek geskryf in sy toewyding aan die Here en nie net sy eie belang gesoek nie. Paulus se menslikheid maak dat hy in sy vereensaming in die tronk verkeerd dink oor mense wat hom nie meer besoek en ondersteun so asof hulle nie meer die evangelie dien nie. (2 Tim. 4; 9 – 10)

Ons leef in vervulde en versekerde liefde vir altyd.

Paulus in sy eensaamheid is nie meer in staat om alles in perspektief te sien nie, maar in sy misplaasde opvatting is hy nog steeds in alles tot staat om vir Christus te leef en te sterf. Christus het hierdie goeie werk in hom begin en sal dit voltooi. Dit is waarvan hy seker mag wees, al raak sy opvatting oor mense en hul motiewe in sy terneergedruktheid misplaas. Hy is selfs deur sy misplaasde oordele nog in staat om vir Christus te leef en te sterf.

Net so is sy nuwe beplanning en verwagting vir nuwe evangeliebediening ook misplaas. Hy stel in 1: 25 dat hy oortuig is dat omdat die gemeente hom nodig het, hy nie ter dood veroordeel sal word nie en in 2: 24 dat hy die Here vertrou dat hy gou weer na die gemeente sal kan gaan na sy verwagte vrylating. Sy beplanning, verwagting en vertrouwe was anders as God se beskikking. Hy is onskuldig ter dood veroordeel en kon nie weer in gemeentes gaan werk nie.

Was hy tot alles in staat gewees? Was sy mislukte verwagtings en beplannings 'n bewys dat hy nie in staat was om God reg te vertrou en met die krag en vise van God op te tree nie? Terwyl Paulus so in die tronk planne gemaak het wat nooit gerealiseer het nie, het hy steeds die evangelie aan die wagte en gevangenis verkondig sodat Onesimus tot geloof gekom het en terug is na Kolosse as 'n gelowige na sy vrylating (Filemon). Met al sy mislukte beplannings was Paulus tot alles in staat om elke dag vir Christus te leef en te sterf – in die tronk! Want God het ook in die tronk tot en met sy dood met die goeie werk in Paulus voortgegaan om Hom in God se volle liefde te hou en alles wat hy in die tronk nog vir die Here gedoen het as volle liefde aanvaar het, met al sy verkeerde beplannings!

12. Daarom is ons altyd tot alles in staat, wanneer ons alles Christus is!

Dit is die selfondersoek wat ons moet doen, elke keer wanneer ons in verlies, terugslae en enige vorm van mislukking voel dat ons tot niks in staat is nie – wat is ons alles!

As ons kinders, ons werk, ons geluk, ons land en nasie, ons kennis en wetenskap, ons vaardighede en vernuf ons alles is, dan kan ons dit nooit in die geloof doen – ons is tot alles in staat deur Christus wat ons krag gee nie. Want elke verlies en mislukking sal ons bring tot die opvatting dat ons tot niks in staat is nie.

Wanneer ons leef in die geloof: Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins, dan is ons vir hierdie lewenswyse tot alles in staat. God sel hierdie goeie werk wat Hy in ons begin het om in sy liefde te leef en ons liefde vir Hom te heilig, deur al ons verliese, mislukkings misplaasde oordele en beplannings voltooi.

En so sal ons vervuld kan leef oor gister se voltooide liefde en more se versekerde liefde – in en deur alle voor en teenspoed!